


# opgesomde geouditeerde finansiële resultate



## vir die jaar geëindig 29 Februarie 2016



### Meedoënlose fokus op kliënte en diens

Ons het hierdie jaar die grootste groei in ons kliëntegedagte ondervind sedert ons die bank begin het. Teen die einde van die finansiële jaar was die aantal aktiewe kliënte 7,3 miljoen, 1 025 000 meer as aan die begin van die jaar. Primêre bankkliënte (diegene wat gereelde deposito's maak – meestal salarisse) het met 582 000 gestyg tot 3,3 miljoen.

Ons handelsmerk word deur alle inkomstekategorieë aanvaar en meeste hou van ons deursigtige, nie-diskriminerende benadering tot diens en foie: al ons kliënte het goue kaarte. Volgens die omvattende AMP's meningsopname vir die periode tot Junie 2015 beskou 20,6% van Suid-Afrikaners Capitec Bank as hulle primêre bank, 'n toename vanaf 18,9% in die periode tot Desember 2014.

'n Onlangse studie deur die Sentrum vir Kompetisie, Regulering en Ekonomiese Ontwikkeling, ondersteun deur die Nasionale Tesourie, toon dat Capitec se toetreding tot die bankindustrie het bygedra tot 'n meer kompeterende bank omgewing wat gelei het tot beduidend laer bankkoste in Suid-Afrika. Dit het gelei tot 'n geskatte besparing van R19,9 miljard vir klient gedurende 2014. Die besparing is bereken beide op die impak van daardie kliënte wat na Capitec verskuif het, asook diegene wat by hulle bestaande banke gebly het, maar voordeel getrek het uit die foie wat verlaag is in reaksie op Capitec se laer foie.

### Selfone lei tot makliker banksake

Selfoongebaseerde bankwese het posgevat, en die Capitec toepassing ('app') is 'n instrument in die kliënt se hande waarmee banksake makliker en veilig vereenvoudig kan word. Meer as 1 miljoen kliënte het al die toepassing geaktiveer, en kan amper enigiets doen wat hulle nodig het deur drie of vier keer op hul fone te tik.

### Verdienste op met 26%

Verdienste het met 26% gestyg tot R3,2 miljard vanaf R2,5 miljard 'n jaar gelede. Voortgesette groei van lenings- en transaksiefui-inkomste gekombineer met konserwatiewe kredietverlening het bygedra tot die sterk jaar-op-jaar toename.

### Netto transaksie fui-inkomste styg met 16%

'n Groeiende aantal kliënte, veral salariskliënte, tesame met 'n toename in aktiwiteit per klient het gelei tot 'n 16% jaar-op-jaar toename in netto transaksiefui-inkomste tot R3,0 miljard. Die afname sedert Maart 2015 in kaartprosseringsfoie is by hierdie syfer ingesluit.

Ons netto transaksiefui-inkomste dek 66% (Februarie 2015: 65%) van ons bedryfsuitgawes en dra 33% (Februarie 2015: 34%) by tot ons netto inkomste.

Ons streef na eenvoud en deursigtigheid, om aan kliënte meer beheer oor hulle banksake te bied. Ons foie is deursigtig en maklik verstaanbaar. Daar was gedurende die jaar geen verhoging in die foie vir selfoon- en internetbankdiens nie, en ons ander pryserhogings was laer as inflasie.

### Die belangrikheid van ons werknemers

Capitec Bank se sukses hang af van sy vermoë om werknemers te werf en te behou, aangesien ons unieke dienservaring van hulle afhanklik is. Ons het teen die einde van die finansiële jaar 11 440 permanente werknemers gehad, 'n toename van 1 179 werknemers teenoor die vorige jaar. Elke nuwe werknemer word by ons opleidingsentrum in Stellenbosch opgelei en ons belê aansienlik in ons leierskap opleiding. Ons het 1 369 werknemers intern bevorder gedurende die jaar.

### Bedryfsuitgawes styg met 14%

Bedryfsuitgawes het met 14% gestyg van R4,0 miljard in 2015 tot R4,6 miljard in 2016. Die koste-tot-inkomste verhouding het afgeneem van 35% in 2015 tot 34% in 2016. Die twee vernaamste redes vir die groei in uitgawes was die toename in die aantal werknemers en takke. Indiensnemingskoste het met R302 miljoen gestyg, in lyn met die 11% jaar-op-jaar groei in die aantal werknemers. Die koste van persele het met R68 miljoen gestyg; ons het 52 nuwe takke opgemaak gedurende die jaar. Sekuriteit en IT kostes het ook beduidend toegeneem.

Die kapitaaluitgawe was R704 miljoen vir die jaar (Februarie 2015: R414 miljoen). Die 70% jaar-op-jaar toename kan toegeskryf word aan die groeiende OTM- en taknetwerk, asook grond en eiendom wat aangekoop is.

### Bruto lenings styg met 13%

Ons het 864 935 meer lenings in 2016 toegestaan as in die voorafgaande jaar. Bruto lenings het met R4,6 miljard toegeneem tot R40,9 miljard.

Die gemiddelde termyn van die uitstaande boek het afgeneem van 43 maande teen Februarie 2015 tot 40 maande teen Februarie 2016. Alhoewel die gemiddelde termyn van die lenings toegestaan korter en die gemiddelde leningsbedrag laer was, het die waarde van nuwe lenings met 25% toegeneem van R19,4 miljard tot R24,2 miljard in 2016.

Ons reageer vinnig op gebeure en veranderende omstandighede wat ons kliënte raak. Ons meet deurlopend die terugbetalingskoers en ander tendense in segmente van die leningsboek en die ekonomie. Lede van die bestuursplan het byvoorbeeld gedurende die jaar myne besoek om die impak van die inkrimping van die kommoditeitssektor op ons kliënte te verstaan.

Gedurende die laaste paar maande van die 2016 jaar het makro-ekonomiese omstandighede versleg, en ons het as gevolg daarvan gedurende Desember 2015 veranderinge aan die kredietverleningsmodel aangebring.

### Agterstalligheid as persentasie van bruto lenings styg tot 5,6%

Agterstalligheid het van R2,0 miljard in 2015 tot R2,3 miljard in 2016 toegeneem, 'n verhoging van 17%, terwyl agterstalligheid tot bruto lenings toegeneem het van 5,4% tot 5,6%. Die agterstallighedskoers was deur die loop van die jaar meestal op koers, maar het gestyg gedurende die laaste kwartaal van 2016.

### Herskeduleerde rekening

Ons gee kliënte met kontantvloei probleme die opsie om hulle betalings te herskeduleer. Dit is van toepassing op kliënte wat agterstallig is, asook diegene wie se betalings op datum is, gebaseer op voorafbepaalde kriteria.

Lenings wat gedurende die laaste ses maande van die jaar herskeduleer is (wat agterstallig was ten tye van herskedulering), het met 75% toegeneem tot R1,5 miljard (Februarie 2015: R884 miljoen). Dit is as gevolg van die groei in ons hoër marge korttermynboek, en is ook 'n aanduiding van die ekonomiese uitdagings waarmee ons kliënte te make het.

Die toename in kontantvloei probleme waarmee kliënte te kampe het, kan ook gesien word in die toename in herskeduleerde lenings wat R1,8 miljard (Februarie 2015: R1,1 miljard) beloop.

### Omsigtige voorsiening


Gedurende die tweede helfte van die finansiële jaar het ons twee addisionele voorsienings bygevoeg. Die eerste neem die waarsynlikheid in ag dat 'n kliënt wat op datum is sal herskeduleer, en die tweede kyk na die uitwerking van die makro-ekonomiese omstandighede op ons kliënte. Hierdie voorsienings, tesame met veranderinge in die voorsieningsmodel, het bygedra tot 'n 33% verhoging in die voorsiening vir twyfelagtige skuld tot R5,1 miljard teen Februarie 2016.

Die totale voorsienings vergelyk met die bruto leningsboek het toegeneem tot 12,5% teen die einde van die 2016 finansiële jaar (Februarie 2015: 10,6%). Die vlak van voorsienings tot agterstalligheid het toegeneem van 196% in 2015 tot 223% in 2016.

Ons voorsien 8% op lenings wat op datum is, 47% op lenings wat een paaiement agterstallig is, 76% vir twee paaiemente en 89% vir drie paaiemente. Ons voorsien gemiddeld 49% op kliënte wat enige van hul agterstallige lenings gheherkeduleer het in die afgelope ses maande, al is hulle op datum ingevolge die nuwe ooreenkoms. Op kliënte wat enige van hulle nie-agterstallige lenings herskeduleer voorsien ons 16%. Al hierdie voorsienings is gebaseer op die waarsynlikheid van toekomstige agterstalligheid. Alle uitstaande balanse van kliënte wat op enige lening 90 dae agterstallig is word ten volle voorsien of afgeskryf.

Die bruto slegteskuldonkoste het toegeneem met 14% tot R5,3 miljard vir die jaar geëindig Februarie 2016 (Februarie 2015: R4,6 miljard). Die tabel hieronder analiseer die toename:

		2016	2015	2016/2015	2014
Afskrywings	R'm	3 981	4 395	(9)	3 496
Beweging in slegteskuldoersvoorsiening	R'm	1 274	221	476	914
Bruto slegteskuldonkoste	R'm	5 255	4 616	14	4 410



Ons netto slegteskuldonkoste tot leningsinkomste het verbeter vanaf 37,7% in 2015 tot 36,2% hierdie jaar. Die netto slegteskuldonkoste tot gemiddelde lenings het effens afgeneem vanaf 11,5% in 2015 tot 11,4% in die huidige jaar.

Die boek presteer binne ons risiko-aptly. Ons verwag voortdurende druk op indiensneming en die ekonomie. Ons staan met omsigtigheid krediet toe, ons bestuur ons boek noukeurig en ons voorsien konserwatief.

### Verhalings

Verhalings het jaar-op-jaar met 42% toegeneem vanaf R602 miljoen in 2015 tot R854 miljoen in 2016. Die toename is as gevolg van groei in die oorhandigde boek, die implementering van 'n nuwe strategie met ons skuldinvorderaars en skuldverkope.

### Sterk kapitaalvlakke

Die opbrengs op ekwiteit vir die jaar het toegeneem tot 27% (Februarie 2015: 25%). Die totale jaarlikse dividend het met 26% toegeneem vanaf 836 sent per aandeel tot 1 055 sent per aandeel, in pas met die styging in verdienste.

Capitec is steeds goed gekapitaliseer en skep genoegsame wins om die groei in die leningsboek te befonds. Teen Februarie 2016 was die kapitaaltoereikendheidsverhouding 34,9%. Ons handhaaf steeds 'n konserwatiewe hefboomverhouding met totale bates gelyk aan vyf keer ekwiteit.

### Kleinhandeldeposito's neem toe met R7,8 miljard

Capitec kliënte ontvang 'n minimum van 5,35% jaarlikse rente op balanse in hul transaksierekeninge. Vaste kleinhandelspaarrekeninge het R13,6 miljard beloop teen 29 Februarie 2016 ('n toename van R2,9 miljard teenoor 'n jaar gelede), en lopende kleinhandelspaarrekeninge het toegeneem met R4,9 miljard tot R24,2 miljard. Ons kleinhandeldeposito's het vinniger as ons totale lenings gegroei.

Ons handhaaf 'n gesonde reserwe van langtermyngroothandeldposito's om ooreen te stem met ons bates. Groothandelfonds maak steeds 'n belangrike deel van ons likiditeitsstruktuur op. Op 2 November 2015 het ons aanbiede van R903 miljoen ontvang, en 'n effek van R500 miljoen uitgereik. Capitec voldoen ten volle aan die Basel 3 likiditeitsverhoudings. Ons konserwatiewe likiditeitsbeleid bly onveranderd.

### Regulering

Die Departement van Handel en Nywerheid ("DHN") het op 13 Maart 2015 nuwe regulasies gepubliseer wat die evaluering van bekostigbaarheid onder die Nasionale Kredietwet reguleer. Die regulasies, wat kredietverskaffers ontmoedig om hoërisiko krediet toe te staan en verbruikers beskerm wat aansoek doen om krediet by geregistreerde verskaffers, het op 13 September 2015 in werking getree.

Die DHN het finale regulasies gepubliseer vir rentekoerslimiete en foie vir krediettoereenkomste wat vanaf 6 Mei 2016 in werking sal tree. Hulle het ook gepraat oor die voorgestelde regulasies wat die koste van kredietleens- en afleggingsversekering beperk. Capitec het nie tans 'n foie vir kredietleens- en afleggingsversekering nie, maar sal wel so maak vanaf 6 Mei 2016. Ons het 'n omvattende impakstudie gemaak van hierdie regulasies, insluitende die hef van 'n foie vir kredietleens- en afleggingsversekering gebaseer op 'n kliënt-vir-kliënt risiko-evaluering, en tot die slotsom gekom dat die impak op Capitec beperk sal wees.

Ons ondersteun steeds gepaste regulering wat die volhoubaarheid van die kredietindustrie asook die bekostigbaarheid van krediet vir verbruikers verbeter, mits dit gedoen word op 'n volhoubare wyse wat 'n balans vind tussen bekostigbaarheid en toegang tot krediet. Ons sal die reguleerder ondersteun in hierdie aangeleenthede.

### Voorwaardelike aanspreeklikheid

Sedert 2013 kommunikeer ons dat die Nasionale Kredietreguleerder ("NKR") Capitec Bank Beperk daarvan beskuldig dat dit die Nasionale Kredietwet oortree het. Die Nasionale Krediettribunaal het die NKR se aansoek van die hand gewys, waarna die NKR appell aangeteken het. Die appell is op 24 Februarie 2016 in die Gautengse Hoë Hof aangehoor voor 'n paneel van drie regters. Die hof het uitspraak gelewer op 23 Maart 2016 en die appell is van die hand gewys.

Gedurende Februarie 2016 het ons bewus geword van nog 'n verwysing wat deur die NKR na die Nasionale Krediettribunaal gemaak is, wat Capitec Bank sal teenstaan. Dit bly steeds onprakties om die finansiële impak van enige moontlike uitkoms van enige van die verwysings te beraam. Capitec is steeds van mening dat die saak in 'n behoorlike proses bevredigend besleg sal word.

### Veranderinge in uitvoerende bestuur

Christian van Schalkwyk, wat in beheer van risikobestuur gestaan het en maatskappysekretaris was sedert ons ontstaan in 2000, het gedurende November 2015 afgetree. Ons wil Christian bedank vir sy aandeel om die bank op te bou en te versterk dat dit op 'n vaste fondament staan. Hy word opgevolg deur Nkosana Mashiya as die uitvoerende hoof van risikobestuur. Nkosana was voorheen adjunkregistrator van banke by die Suid-Afrikaanse Reserwebank, en het 'n magdom risiko- en regulatoriese kennis. Ons verwelkom hom aan boord. Na 15 jaar as assistent maatskappysekretaris vervang Yolande Mouton vir Christian as maatskappysekretaris.

### Vooruitsigte

Die vinnige groei in kliëntegedagte versterk dat ons steeds baie sal belê in mense, takke en OTM'e.

Ons verwag dat moeilike ekonomiese omstandighede sal voortduur. Ons sien dit as 'n geleentheid om meer kliënte by te kry soos wat hulle waarde en beter diens van hulle bank verlang.

Capitec Bank is goed geposisioneer vir die voorgestelde regulatiewe veranderinge aan krediettoereenkomste. Ons verwag dat hierdie veranderinge 'n minimale impak op ons verdienste sal hê.

Ons streef daarna om steeds beide toeganklikheid en diensstandaarde vir kliënte te verbeter. Die kwaliteit van dienslewering is 'n nimmereindigende uitdaging in die bankwese. Met 'n sterk handelsmerk, 'n eenvoudige en koste-effektiewe produk, 'n konserwatiewe benadering tot krediet en gesonde kapitaaltoereikendheid posisie, bly die bank gefokus op die finansiële behoeftes van Suid-Afrikaners.

### Dividend

Die direkteur het op 29 Maart 2016 'n finale bruto dividend van 680 sent per gewone aandeel verklaar, wat die totale dividende vir die jaar op 1 055 sent per aandeel te staan bring. Die interim dividendbetaling is verhoog tot 36% van die totale dividend, vergelyk met 29% verlede jaar. Daar is 115 626 991 gewone aandeel uitgereik.

Die finale dividend voldoen aan die definisie van 'n dividend in terme van die Inkomstebelastingwet (Wet 58 van 1962). Die dividendbedrag netto van Suid-Afrikaanse dividendbelasting van 15% is 578.00000 sent per aandeel. Die uitkering word uit inkomstereserwes betaal. Capitec se belastingverwysingsnommer is 9405376840.

Laaste dag vir verhandeling met dividend Vrydag, 15 April 2016  
Verhandeling sonder dividend begin Maandag, 18 April 2016  
Rekorddatum Vrydag, 22 April 2016  
Betaaldatum Maandag, 25 April 2016

Aandeelcertifikate mag nie tussen Maandag, 18 April 2016 en Vrydag, 22 April 2016, albei dae ingesluit, gedematerialiseer of gerematerialiseer word nie.

Die hoof finansiële beampte se verslag is beskikbaar by [www.capitecbank.co.za](http://www.capitecbank.co.za).

Namens die direksie, Stellenbosch, 30 Maart 2016.

Michiel le Roux  
Voorsitter

Gerrie Fourie  
Hoof uitvoerende beampte

### Sleutelaanwysers van prestasie

	2016	2015	2016/2015	Verandering %	2014
<b>Wingsgewendheid</b>					
Rente-inkomste	R'm	12 475	10 783	16	9 434
Netto leningsfooi-inkomste	R'm	855	619	38	841
Netto transaksiefui-inkomste	R'm	3 020	2 608	16	1 927
Rente betaal	R'm	(2 884)	(2 426)	19	(2 133)
Ander inkomste	R'm	(1)	22	(19)	
Inkomste uit bedrywighe	R'm	13 465	11 606	16	10 050
Netto slegteskuldonkoste	R'm	(4 401)	(4 014)	10	(3 976)
Netto inkomste	R'm	9 064	7 592	19	6 074
Bedryfsuitgawes	R'm	(4 591)	(4 031)	14	(3 242)
Nie-bankverwante bedrywighe	R'm	-	(1)		2
Inkomste voor belasting	R'm	4 473	3 560	26	2 834
Belasting	R'm	(1 244)	(995)	25	(797)
Voorkeurdividend	R'm	(16)	(18)	(11)	(20)
<b>Verdienste toeskryfbaar aan gewone aandeelhouers</b>					
Basiese	R'm	3 213	2 547	26	2 017
Wesens-	R'm	3 222	2 547	26	2 017
Netto transaksiefui-inkomste tot netto inkomste	%	33	34		32
Netto transaksiefui-inkomste tot bedryfsuitgawes	%	66	65		59
Koste-tot-inkomste-verhouding	%	34	35		32
Opbrengs op gewone aandeelhouersekweiteit	%	27	25		23
<b>Verdienste per aandeel</b>					
Toeskryfbare	sent	2 779	2 209	26	1 752
Wesens-	sent	2 787	2 209	26	1 752
Verwaterde toeskryfbare	sent	2 773	2 206	26	1 740
Verwaterde wesens-	sent	2 781	2 206	26	1 740
<b>Dividende per aandeel</b>					
Tussentydse	sent	375	246	52	203
Eind-	sent	680	590	15	460
Totale	sent	1 055	836	26	663
Dividenddekking	x	2,6	2,6		2,6
<b>Bates</b>					
Netto lenings en voorskotte	R'm	35 760	32 484	10	30 053
Kontant en korttermynfondse	R'm	24 989	19 755	26	14 423
Ander	R'm	2 196	1 678	31	1 715
Totale bates	R'm	62 945	53 917	17	46 191
<b>Laste</b>					
Deposito's	R'm	47 940	41 181	16	35 449
Ander	R'm	1 346	1 172	15	760
Totale laste	R'm	49 286	42 353	16	36 209
<b>Ekweiteit</b>					
Aandeelhouersfondse	R'm	13 659	11 564	18	9 982
Kapitaaltoereikendheidsverhouding	%	35	36		39
Netto batewaarde per gewone aandeel	sent	11 663	9 822	19	8 433
Aandeelprys	sent	47 400	41 000	16	18 375
Markkapitalisasie	R'm	54 807	47 407	16	21 186
Aantal uitgereikte aandeel	'000	115 627	115 627		115 298
<b>Aandeelopsies</b>					
Aantal uitstaande	'000	868	710	22	1 503
Aantal uitstaande tot uitgereikte aandeel	%	0,8	0,6		1,3
Gemiddelde uitoefenprys	sent	28 520	19 403	47	9 465
Gemiddelde termyn tot vervaldag	maande	27	28	(4)	16
<b>Bedrywighe</b>					
Takke		720	668	8	629
Werknemers		11 440	10 261	11	9 070
Aktiewe kliënte	'000	7 269	6 244	16	5 388
<b>OTM'e</b>					
Eie		1 236	941	31	744
Verenootskap		2 469	2 477		2 174
Totale		3 705	3 418	8	2 918
Kapitaalbesteding	R'm	704	414	70	549
<b>Verkope</b>					
<b>Lenings</b>					
Waarde van lenings toegestaan	R'm	24 228	19 417	25	18 214
Aantal lenings toegestaan	'000	3 684	2 820	31	3 034
Gemiddelde leningsbedrag	R	6 577	6 887	(5)	6 003
Terugbetalings	R'm	28 689	23 787	21	21 862
Bruto lenings en voorskotte	R'm	40 891	36 341	13	33 690
Agterstallige lenings	R'm	2 297	1 964	17	2 174
Agterstallige lenings tot bruto lenings en voorskotte	%	5,6	5,4		6,5
Agterstallige en herskeduleerde agterstallige lenings < 6 maande	R'm	3 839	2 848	35	2 921
Agterstallige en herskeduleerde agterstallige lenings < 6 maande tot bruto lenings en voorskotte	%	9,4	7,8		8,7
Voorsiening vir twyfelagtige skuld	R'm	5 131	3 857	33	3 637
Voorsiening vir twyfelagtige skuld tot bruto lenings en voorskotte	%	12,5	10,6		10,8
Dekkingsverhouding op agterstalligheid	%	223	196		167
Dekkingsverhouding op agterstalligheid en herskeduleerde agterstalligheid < 6 maande	%	134	135		125
Leningsinkomste	R'm	12 145	10 660	14	9 841
Leningsinkomste tot gemiddelde bruto lenings en voorskotte	%	31,5	30,4		30,6
Bruto slegteskuldonkoste	R'm	5 255	4 616	14	4 410
Verhalings	R'm	854	602	42	434
Netto slegteskuldonkoste	R'm	4 401	4 014	10	3 976
Netto slegteskuldonkoste tot leningsinkomste	%	36,2	37,7		40,4
Netto slegteskuldonkoste tot gemiddelde bruto lenings en voorskotte	%	11,4	11,5		12,4
<b>Deposito's</b>					
Groothandelsdeposito's	R'm	10 154			